

I NLEIDING

'n Geleentheid is slegs 'n geleentheid indien dit aangegryp word. In die verlede is beesvleis geproduseer en bemark terwyl daar 'n veiligheidsmat, in die vorm van die vloerprys, bestaan het. Die boer het geproduseer en iemand anders het bemark en die speenkalfstelsel is nie veel anders nie. Die huidige landbou milieu het daardie benadering uitgedaag en die beesvleisprodusent moet dit oorweeg om self direk die mark aan te durf om sodoende inkomste te maksimeer.

Boerderystreke verskil van mekaar en groot dele van Suid Afrika is by uitstek, of selfs uitsluitlik, geskik vir ekstensiewe veeproduksie (70%+). Klimaatsbeperkings, waaronder lae en wisselvallige reënval en hoë temperatuur, is die belangrikste rede hiervoor. Periodieke en seisoenale droogtes is die reël, eerder as die uitsondering, veral in die meer westelike dele van die land en dit lyk asof die klimaat verander. Om in sulke gebiede veeproduksie te optimaliseer is die keuse van 'n beesras, of raamtipe, van uiterste belang omdat voerproduksiepotensiaal beperk is. Om produksie te verseker moet die bees aangepas wees by die omgewing waar dit aangehou word. So is dit dan die geval met die groot, laarkarkasryprasse wat in Europa ontwikkel is, waar klimaat, ten opsigte van reënval (voldoende, goed verspreid) en temperatuur (gematig) goeie weiding verseker, optimaal is. Grootraamdiere kan in sulke omstandighede gedy maar waar voer beperkend raak en temperature hoog is, is die grootraam minder aanpasbaar omdat 'n groter persentasie van die ingenome voer vir onderhoud en handhawing van die interne omgewing aangewend word. In lande en streke, soos dele van die Asiatiese- en Afrika-vastelande, waar klimaat voerproduksie onderdruk (hoeveelhede beperk weens droogtes en voedingstowwe beperk weens temperatuur), neig die aangepaste beesrasse om kleiner met vroegkarkasrypheid te wees om onderhoudsbehoefte te beperk, om sodoende meer voedingstowwe vir produksie beskikbaar te hê.

In die meer ariede dele is die kwaliteit van die voer oor die algemeen baie goed maar die kwantiteit is beperk wat veroorsaak dat drakrag tussen 8 en 18 ha GVE⁻¹ kan wissel. Diere is aangepas wanneer hulle, ten spyte van die ongunstige omgewing, steeds hoë vlakke van reproduksie en produksie sonder addisionele insette kan handhaaf.

Wanneer ons sê huidige geleenthede moet benut word moet ons eers daarvan oortuig wees dat daar wel geleenthede is. My antwoord is 'n onomwonde "Ja". Daar is verskeie geleenthede maar my praatjie oor bestuur en wins gaan hoofsaaklik op een geleentheid konsentreer, naamlik "weivleis".

BEESVLEISPRODUKSIE

Globale tendense, verbruikervoorkeure en siekte uitbrake is buite die boer se beheer terwyl 'n aantal aspekte binne die boer se beheer val. Dis laasgenoemde wat aangespreek moet word.

RAAMTIPE, BESTUUR EN WINS

Chris de Brouwer

Adjunkdirekteur: Tegnologieontwikkeling en- oordrag
Dept. Landbou en Landelike Ontwikkeling:
Noordwes Provinsie, Privaatsak X804, Potchefstroom, 2520

Tel: (018) 299 6825

Faks: (018) 293 2158 of (086) 693 3191

E-pos: cdebrouwer@nwpg.gov.za

Die beesvleisprodusent moet eers sy eie werf onder beheer kry voordat die globale werf aangedurf word.

In beesvleisproduksie is drie hoofaspekte onder die boer se beheer, naamlik:

- Produktiwiteit: hoofsaaklik aan reproduksie gekoppel en wat reeds baie aandag geniet.
- Dieregesondheid: toenemend onder boer se beheer en verantwoordelikheid– moenie hier probeer bespaar nie en hou rekord van wat gedoen word.
- Bemaking: bepaal hoofsaaklik die produksiestelsel wat gevolg word wat op sy beurt deur die volgende interafhanklike faktore beïnvloed word:
 - * Omgewing (klimaat/risiko)
 - * Raamtipe (geskiktheid)
 - * Voeding (hoeveelheid/gehalte)
 - * Lekke (voedingstoftekorte)
 - * Insetkoste (beperk)

Besluite in beesvleisproduksie het, op die kortste, 'n mediumtermyn, maar meestal 'n langtermynneffek. Stelsels kan nie in 'n kort tydjie verander word nie.

OMGEWING

Omgewing bepaal tot 'n groot mate watter produksiestelsel (bemarkingsonderdom) gevolg behoort te word om maksimum wins te realiseer sonder om die hulpbron te beskadig. 'n Dier moet by die omgewing aangepas wees eerder as om die omgewing by die dier aan te pas. In Tabel 1 word 'n vergelyking getref tussen bruto marges van kuddes in 'n speenkalfproduksiestelsel wat op verskillende vlakke van intensifikasie oorwinter is.

Tabel 1: Bruto marges van vleisbeeskoeie wat op verskillende wyse oorwinter is.

	Stelsels ¹⁾		
	Intensief	Semi-intensief	Ektensief
ha ⁻¹	114.18	100.97	178.40
GVE ⁻¹	643.82	729.98	1787.46
koei ⁻¹	622.63	709.46	1760.00

1) Intensief - Mieliekuivoer, Smutsvingerhooi
Semi intensief - Mielie-oesreste, Smutsvingerhooi, Staande hooi
Ektensief - Geruste veld.

Voere, lekke en dieregesondheid was die hoof kostefaktore wat in berekening gebring is. Dit is duidelik dat speenkalfproduksiekoste in die ekstensiewe stelsel laer is. Resultate dui daarop dat aangeplante weidings, ekonomies gesproke, nie vir die oorwintering van die teelkudde geskik is nie. Dië voerbron moet byna uitsluitlik vir groeiende diere, hetsy vervangingsverse en -bulle of slagdiere, gebruik word.

Hoe meer beperkend die omgewing, wat in ons land algemeen is, hoe meer moet die boer verskansing soek teen risiko maar dit is nie haalbaar om 'n gunstige omgewing in die huidige ekonomiese klimaat te probeer skep nie.

SPEENKALFPRODUKSIE

Tans is beesvleisprodusente hoofsaaklik speenkalfprodusente – hulle produseer eintlik die “roumateriaal” en iemand anders pluk die vrugte van die “verwerking” van die kalwers na beesvleis wat die verbruiker koop. Beesvoerders sê vir die produsent hoe die kalf moet lyk - hulle verlang 'n kalf van 180 – 220 kg op sewe maande (van die dorre bosveld tot die Kwa-Zulu Natal Middellande) en hoe dit behaal word, is vir die voerder van minder belang. Die gevolg is 'n soeke na die “regte” genetica of ingrypings (verskillende rasse, kruisteling, byvoeding, lekke, groeibevorderaars en -stimulante, ens.) om te dit te lewer wat die voerders soek. Alles faktore wat produksiekoste die hoogte laat inskiet.

Verder bepaal die voerder die prys wat wissel met seisoen, vraag en aanbod, gewig, ras van kalf en selfs die mielieprys. So is dit dan deurgaans die produsent wat die prysgaping moet vul terwyl die kwaliteit produk wat gelewer word weinig wissel. Die speenkalfprodusent dra die produksieomgewing risiko, insluitend 'n groot teelkudde om die kalwers te voorsien.

TOLLIES

Tollies word bemark tussen 15 en 18 maande en haal steeds 'n A-klassifikasie. Hierdie is 'n lae inset benadering en afronding kan op veld of aangeplante weiding geskied.

Hier is 'n geleentheid om te produseer wat die verbruiker vra en om direk in die markplek mee te ding. Insetkoste, veral op veld, is laer en risiko word versprei. As speenkalfpryse die hoogte inskiet kan daardie geleentheid ook ontgin word, selfs met 9 en 10 maande oue kalwers. Tydens droogtes (risiko) kan osse afgelaai word om voorsiening vir teeldiere te maak.

Suksesvolle afronding onder hierdie omstandighede maak staat op korrekte genetica en klein tot mediumraamdiere is meer geskik hiervoor. 'n Verdere belangrike genetiese aspek is vetneerlegging sonder duur byvoeding. Vroeë karkasrypheid is belangrik en dit kan verkry word vanaf kleinraamrasse soos die Nguni en die Nguni se kruise met ander rasse.

Tabel 2: Afrikanerosprestasie op Smutsvingerweiding gedurende die somer

	Jaar 1	Jaar 2	GR
Beginmassa (kg)	215	207	293
Eindmassa (kg)	315	319	456
Weiperiode (dae)	136	148	166
GDT (kg)	0,730	0,755	0,988
Massa toename (kg ha⁻¹)	300	270	295
Karkasmasse (kg)	153	163	236
Uitslag (%)	48,5	51,1	51,3
Klassifikasie	9,3 (A1)	11,0 (A2)	7,6 (A0)

Grootraamosse het onder dieselfde omstandighede slegs 'n A0 klassifikasie behaal. Al is die individuele prestasie van die grootraamosse “beter” (0.988 teenoor 0.742 kg/dag), is produksie per ha⁻¹ identies omdat daar meer kleinraamosse op 'n gegewe oppervlakte gedra kan word en die was slaggereed aan die einde van die groeitoets. Dit wys weer dat individuele prestasie nie die volle prentjie gee nie.

Soortgelyke groeiprestasie is behaal op veld maar veld moet in 'n goeie toestand, met voldoende weimateriaal, wees.

Verse groei stadiger maar rond vinniger as osse af. Daar is tans ook 'n groot vraag na vroulike diere by opkomende boere. Verse kan dus vir slag of teeldoelindes uitgroeï word. Veral dragtig-gesertifiseerde verse is in aanvraag mits die prys nie buitensporig hoog is nie.

OSSE

Bemaking van osse geskied op enige ouderdom na die tollie-stadium maar gewoonlik tussen 27 en 33 maande. Hulle klassifiseer dan in AB of B klasse. Inheemse rasse neig om later as uitheemse rasse hulle tande te wissel. In hierdie stelsel word klem gelê op die produksie van massa eenheid¹ eerder as die getal eenhede. Die stelsel is geskik vir hoë risiko gebiede en laat ruimte vir spekulasie in terme van verkoop en inkoop. 'n Teelkudde kan steeds deel uitmaak van die stelsel of dit kan 'n totale osstelsel wees waar osse van ander telers aangekoop word. Genetika bly steeds 'n faktor want te groot diere (en osse word groter as rasgelykes) rond steeds moeilik af onder ekstensiewe omstandighede. Klein- tot mediumraamdiere is hier geskik en kruisteling kan 'n belangrike rol speel.

Tabel 3 dui 'n vergelyking tussen die verskillende ouderdomsklasbeeste gebaseer op pryse soos aangedui op die Landbou.com webtuiste (Pryse vir 21 Mei 2013).

Tabel 3: 'n Vergelyking in inkomste per beeskarkas in verskillende ouderdomsklasse.

	Ouderdomklas ¹			
	A	AB	B	C
Ouderdom (maande)	<18	>18 <24	<33	>33
Karkasmassa (kg)	200	240	280	380
R/kg	28.15	26.62	23.93	22.23
R/karkas	5 630.00	6 388.8	6 700.40	8 447.40

1: Hou in gedagte dat inheemse rasse hul tande later wissel as wat in die tabel aangedui word so hulle bly langer in 'n beter ouderdomgroep.

Alhoewel prys per kg daal soos wat diere ouer word styg die prys per karkas aangesien die karkas swaarder word.

RAAMTIPE

Raamtipe verwys na die liniêre dimensies van die dier wat aan skouerhoogte gemeet word. Die raamtipe van die dier is direk aan karkasvolwassenheid gekoppel, met kleinraamdiere wat op 'n vroeër ouderdom die gewenste karkas lewer en grootraamdiere wat op 'n hoër ouderdom die gewenste karkas lewer. Ons moet egter in gedagte hou dat die spesifieke ouderdomme slegs geld as die diere dieselfde voeding ontvang. In wese beteken dit dat die kleinraam by 'n ligter liggaamsmassa reeds begin vet aanpak terwyl die grootraam eers aansienlik swaarder moet wees voordat vetaanpakking plaasvind. Verder is dit so dat geslagsrypheid 'n funksie van massa eerder as ouderdom is. So sal kleinraamdiere oor die algemeen vroeër geslagsrypheid as grootraamdiere bereik, waar voedingsomstandighede dieselfde is.



“'n Teelkudde kan steeds deel uitmaak van die stelsel of dit kan 'n totale osstelsel wees waar osse van ander telers aangekoop word.”

Oor die algemeen kan gesê word dat grootraamdiere vir 'n langer periode vinniger groei om 'n hoër eindmassa as kleinraamdiere te bereik. As daar egter na die ekonomies belangrike parameters gekyk word, veral onder ekstensiewe toestande, dan is dit ook so dat grootraamdiere stadiger afrond, meer voer dag⁻¹ benodig vir onderhoud en produksie. Wat dikwels nie erken word nie is dat by dieselfde vetheidsgraad die doeltreffendheid van voer omsetting van kleinraam- en grootraamdiere vergelykbaar is. Vergelykings tussen rasse in groeitoets is dikwels misleidend omdat die kleinraamdiere wat dieselde rantsoen vir dieselfde tydperk ontvang 'n fisiologies meer gevorderde stadium bereik as die grootraamdiere en dit veroorsaak die “swakker” groei wat die eersgenoemde dikwels blyk om te toon. Kleinraamdiere betree reeds die afrondings- of vetneerleggingsfase tydens die toets terwyl die grootraamdiere steeds in die spiergroefase verkeer wat 'n verskillende fisiologiese proses is. Die prestasiesyfers is dus nie vergelykbaar nie. Energiebehoefte (en dus voer) om vet neer te lê is meer as twee keer so hoog as vir spiergroei. Hierdie hoër behoeftes word dan in laer GDT's en voeromsetverhoudings (VOV) weerspieël. Kleinraamdiere hoort eerder die regte rantsoen gevoer te word wat hulle toelaat om hulle potensiaal te ontgin deur langer te groei met vertraagde vetneerlegging om sodoende 'n swaarder karkas te lewer. Die begrippe word in Tabel 4 uiteengesit.

Tabel 4: Raamgrootte en voeromset (Meissner, 1983) en liggaamsmassa om A2 en A3 karkasse te produseer (Naude, 1981).

Raam-grootte	Voeromset (kg voer/kg toename)		Lewendemassa (kg)	
	250 - 400 kg	3 - 7 mm vet	3 mm vet	7 mm vet
Groot	6.76	6.53	388	?
Medium	7.65	6.46	336	442
Klein	8.34	6.39	262	374

Wanneer massa as enigste maatstaf gebruik word is daar aansienlike variasie tussen raamgroottes ten opsigte van voeromsetting (kolom 2) omdat die groter raam diere by 'n gegewe massa beide jonger en maerder is tussen 250 en 400 kg. Wanneer diere tot dieselfde vetheidsgraad gevoer word is daar bykans geen verskil in die voeromsetverhouding tussen die raamgroottes nie

(kolom 3) en dit is selfs effens ten gunste van die kleinraamdier. Grootraam diere weeg reeds 388 kg teen die tyd dat hulle 3 mm onderhuidse vet neergelê het, in teenstelling met die kleinraam diere wat slegs 262 kg weeg met dieselfde vetheidsgraad. Wanneer kleinraam diere 374 kg weeg het hulle reeds 7 mm onderhuidse vet neergelê. Die studie waaruit die syfers kom het nie die grootraam diere tot 7 mm vet laat groei nie maar hulle massa by die vetheidsgraad sou ongeveer 500 kg gewees het. Indien massas beskou word ten opsigte van voeromset tussen 250 en 400 kg is dit verstaanbaar dat die grootraam diere beter omset toon omdat hulle nog min vet neerlê terwyl die kleinraamdier reeds slag gereed is. Die proef is op 'n intensiewe voerstelsel gedoen. Die beginsels sou dieselfde op 'n weistelsel wees met die verskil dat vetneerlegging in beide raamtipes op 'n hoër gewig eers 'n aanvang sou neem wat swaarder karkasse tot gevolg sal hê. Indien die regte diere vir die regte doel (of stelsel in die geval) aangewend word sal die produsent die grootste wins realiseer. Indien na kleinraamdier net op grond van voerkraalafroning gekyk word word die diere 'n onreg aangedoen omdat dit nie sy doel is nie tensy jy ligte karkasse wil produseer (150 tot 180 kg).

In hulle strewing om rasse in groeitoetse en die voerkraal “beter” te laat vertoon, is sommige telers besig om tradisioneel kleinraamrasse in grootraamrasse te omskep. Die genetiese diversiteit bestaan binne elke ras om dit vir die teler moontlik te maak om vir groter raam diere te selekteer maar, in die proses word die koeie ook al hoe groter. Dit gee aanleiding tot sekere gevolge soos in Tabel 5 uiteengesit.

Tabel 5: Droëmateriaalinname (DMI) van weidende, lakterende mediumraamkoeie met verskillende massas (Meissner, 1983)

Koeimassa (kg)	DMI (kg)	Koeie / oppervlakte	Speenmassa / koeie
450	11.3	100	200
500	12.2	93	215
550	13.0	87	230

Soos koeimassa toeneem met seleksie vir die groter raam binne die ras, neem voerbehoefte ook toe, en moet daar minder koeie op 'n gegewe oppervlakte aangehou word om oorbenuiting te voorkom. Terselfdertyd moet die speenmassa van die kalwers toeneem om steeds dieselfde speenmassa van 'n gegewe oppervlakte te verkry. Binne raskonteks is groei en reproduksie negatief gekorreleer. Dit beteken dat waar daar uitsluitlik vir groei (of slegs hoofsaaklik vir groei) geselekteer word, sal die kudde mettertyd reproduksie inboet. Seleksie vir groei beïnvloed groei vanaf bevrugting tot volwassenheid. In wese beteken dit dat geboortemassa ook sal styg met gepaardgaande probleme by geboorte. Kleinraamrasse is, oor die algemeen, bekend vir maklike kalwing wat, veral in die ekstensiewe streke, baie belangrik is.

Ongeag die ras of die raam van 'n diere het alle beeste, as persentasie van die karkas en by dieselfde vetheidsgraad, ongeveer 71% verkoopbare vleis (spier) en ongeveer 44.5% duur snitte (agterkwart). Daar is nie een ras wat meer vleis dra as 'n ander ras nie. Wat wel tussen individue kan verskil is gespierdheid wat die persentasie spier in die karkas met 'n breukdeel mag verhoog, behalwe as die swaarder spiere met growwer beenstruktuur gepaard gaan wat dikwels die geval is.

Opsommend het grootraamdier dan uiteraard, per diere, hoër onderhoudsbehoefte as kleinraamdier en proefwerk te Potchefstroom het gewys dat grootraamdier ongeveer 28% groter oppervlakte benodig as kleinraamdier op 'n kilogram per kilogram basis.

Numeries gesproke moet dit ook onthou word dat daar meer kleiner beeste volhoubaar op 'n gegewe oppervlakte as groter beeste bestuur kan word. Dit is proefondervindelik bewys dat die getalle ruim vergoed vir eenheidsmassa soos aangedui in Tabel 6.

Tabel 6: Bruto marge van vleisbeeskoeie van verskillende raamtipes in 'n ekstensiewe stelsel

R	Raamtipe	
	Klein	Groot
ha ⁻¹	178.40	156.85
GVE ⁻¹	1787.46	1571.78
koei ⁻¹	1760.00	2168.67

Wanneer raamtipes op vergelykbare grondslag vergelyk word is die voordeel ten gunste van klein raamdier in ekstensiewe omstandighede juis omdat daar meer diere op 'n oppervlakte aangehou kan word. Vergelyking word meestal op 'n koeie grondslag gedoen wat nie voorsiening maak vir verskille in massa, onderhoudsbehoefte, ens. nie. In intensiewer omstandighede, swaai die voordeel meer na die grootraamdier, maar steeds nie oorweldigend nie. Syfers in Tabel 1 het egter aangedui dat intensiewe stelsels minder winsgewend is as gevolg van hoër insetkoste.



“Seleksie vir groei beïnvloed groei vanaf bevrugting tot volwassenheid.”

VOEDING

Lekproewe op Potchefstroom het gewys dat grootraamkoeie dubbel soveel lek as (inheemse) kleinraamkoeie op 'n per kapita basis gebruik, al weeg die grootraamkoeie nie dubbel so swaar as hulle kleinraam eweknieë nie. Die grootraamkoeie produseer egter wel groter kalwers by geboorte en by speen en om dit te vermag is voedingstowwe nodig. In die beperkende omgewing, ten opsigte van die beskikbaarheid van voedingstowwe, verhoog dit die lekgebruik in grootraamdiere.

Baie telers neig om grootraambulle op kleinraamkoeie te gebruik om sodoende 'n swaarder speenkalf te produseer. Dit is 'n goeie praktyk aangesien die nageslag vir beide ekstensiewe sowel as intensiewe afronding geskik is. Indien die vroulike nageslag vir vervanging gehou word, moet dit ingedagte gehou word dat die verse swaarder volwasse koeie as hulle moeders sal wees, wat beteken dat die koeigetalle afwaarts aangepas moet word.

Lekke word dikwels aangewend om ander bestuursaspekte reg te dokter maar dit is nie koste-doeltreffend nie, soos Tabel 7 bewys.

Tabel 7: 'n Vergelyking tussen mineraal- en produksielek vir lakterende koeie

	Mineraallek	Produksielek
Inname (g/koei/dag)	80	777
Koste (c/koei/dag)	41.8	2.90
Speenmassa (kg)	184	185
Koeimassa (kg)	477	493
Besetting (%)	80,7	80,6

Geen belangrike, ekonomiese maatstaf is deur produksielekvoorsiening verbeter nie. Beeste was op goeie veld wat volgens norm gelaai is. Verhoog produksie met korrekte veldbestuur eerder as om insetkoste te verhoog. Moet egter nie probeer bespaar op noodsaaklike lekkomponente nie, vul voedingstoftekorte aan.

INSETKOSTE

Die insetkosteknyptang is alombekend en word eenvoudig deur Tabel 8 geïllustreer met die aankoop van 'n voertuig.

Tabel 8: Kosteknyptang in landbou

	Jaar	
	1984	2013
Voertuigprys (R)	30 000	450 000
Speenkalfprys (R)	500	3 410
Speenkalfers / voertuig	60	132

Die RPO het onlangs die berekening gemaak dat terwyl vleispryse tussen April 2012 en April 2013 sywaarts beweeg het (met dalings tussendeur) het insetkoste met 19% gestyg. Dit maak dit toenemend moeilik vir vleisbeesboere om mededingend te wees.

Dit is egter moeilik en/of nie raadsaam om op sekere insetkoste soos dieregesondheid en voedingstoftekorte te bespaar nie. Insetkoste kan eerder deur ekstensivering van die vleisbeesvertakking, vanaf kalwing tot die slaggereed produk verminder word. Deur die gebruik van aangepaste rasse kan daar verder wel op koste soos dip- en doseermiddels en lekke bespaar word. Onaangepaste diere benodig hoër insette in die verband.

Bulkoste is 'n verdere aspek wat dikwels afgeskeep word, veral deur kommersiële beesvleisprodusente. Dikwels is dit die insetkoste waarop "bespaar" word. Dit is van kardinale belang om die beste bul wat jy kan bekostig te koop. Die genetica moet reg wees en met evaluasiesistelsels soos die veldbultoeis is dit nie nodig om te raai nie. Prestasiesyfers is by telers beskikbaar en dit sê vir die koper hoe die bul gaan presteer. Die dae van bulkoop omdat hy "mooi" is, is lankal verby. 'n Bul met al die nodige inligting is 'n veilige belegging. Hulle kom dan gewoonlik ook met allerhande "waarborge" – sertifikate waarvan gesondheid en vrugbaarheid die belangrikste is. Al hierdie inligting wat die koper help om 'n ingeligte besluit te neem kos egter geld en die teler verwag 'n regverdige prys vir die insette gelewer. Met bulle is goedkoop dikwels duurkoop, die bul produseer baie nageslag in 'n jaar en een swak aankoop kan jare se doelgerigte teling in een seisoen ongedaan maak. 'n Riglyn wat ek uit verskeie oorde gehoor het is dat 'n bul se prys minstens die van vier afgeronde koeie behoort te ewenaar.

TER AFSLUITING

- Vrugbaarheid is die belangrikste eienskap in veeproduksie. Die erfbaarheid van vrugbaarheid is laag ($\pm 10\%$) maar herhaalbaarheid is hoog ($70\%+$). Dit beteken dat uitwendige faktore (omgewing) 'n groot rol ($\pm 90\%$) in reproduksie speel. Dit beteken ook dat waar diere reeds reproduseer, die kans goed is dat hulle sal volhou mits die omgewing stabiel is. Hier speel aanpassing 'n belangrike rol omdat die dier wat in 'n beperkende omgewing aangepas is verkeer in werklikheid in 'n gunstige omgewing.
- Voeding is die belangrikste deel van die omgewing omdat dit aan die dier die middele vir produksie moet voorsien. 'n Dier wat aangepas is reproduseer en produseer.
- 'n Aangepaste dier benodig minder insette om produksiete te lewer – reproduksie en groei.
- Waar voer beperk is neem dit die dier fisies langer om eers onderhoudsbehoefes te bevredig. Kleinraamtipes het laer onderhoudsbehoefes en pas makliker by ekstensiewe omstandighede aan.

- Dit is moontlik om slaggereed klas A, AB of B karkasse van 'n ekstensiewe, lae inset vleisbeesproduksiesisteme te produseer om sodoende self die dier se groeikrag te ontgin.
- Beesrasse verskil nie in die verhouding vleis wat hulle dra nie ongeag wat beweer word.
- Bly ingelig oor die beesvleisproduksiebedryf.
- Bly betrokke met organisasies wat u belange op die hart dra want niemand kan die mark suksesvol alleen aandurf nie.

Boer met die ras van u keuse maar laat die omgewing toe om u te lei. Terwyl produksiegerigheidsbestuur baie belangrik bly (reproduksie, groei, ens) word markgerigheidsbestuur toenemend belangrik. Daar is geleentheid vir die beesvleisprodusent om te ontgin – “weivleis” wat alles wat die verbruiker verlang bevat. Neem 'n tree terug, kyk na u situasie en oorweeg 'n swaai na dit wat die mark verlang en kleinraamrasse soos die Nguni bied u daardie geleentheid.

Onthou, 'n geleentheid gaan NOOIT verlore nie – as jy dit nie aangryp nie doen iemand anders dit! ■

